

Christus laat ons trots leef in die lewe wat Hy ons met deel en waarmee Hy ons fokus.

ds. PJ Kriel

14.08.2016

Inhoud. Hierdie preek wys wat is die verskil van die lewe wat die Here Jesus met ons deel en die lewe wat geestelikes met ons wil deel. Die Here deel sy menslike lewe met ons terwyl geestelike eie magtiges hul goddelike lewe met ons wil deel. Die Here skep in ons liefde en diensbaarheid om mens vir God te wees, terwyl hierdie geestelikes in ons die deemoedigheid en onderhorigheid skep dat ons nie so goddelik soos hulle kan wees nie. Die preek wys dat ons as gelowiges van hierdie magte en kragte bevry is en trots die lewe kan leef wat die Here met ons deel.

Liturgie 1. Ps. 146 verse 1, 3, 5, 6. Evangelie lesing Kol. 1: 15-23. 2. Lied 273 verse 1, 3, 4. 3. Nuwe wet lesing Kolossense 3: 5 – 15 3. 274 verse 1 en 2. Prediking 4. Lied 491 verse 1-4;

Skriflesing Kolossense 2: 6 – 15; 18-19; 3: 1-4.

Teks Kolossense 3: 2 en 3. Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie. ³ want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God.

Tema. Christus laat ons trots leef in die lewe wat Hy met ons deel en waarmee Hy ons fokus.

1. Ons is deel van 'n lewe met Christus wat ons gedagtes en strewes rig!

Dit is die inhoud van hierdie gedeelte waarna ons verlede Sondag begin kyk het. Vanoggend wil ons kyk wat is hierdie lewe wat ons met Christus deel en hoe is dit dat hierdie lewe met Christus ons gedagtes en strewes fokus.

Die voorbeeld wat ons gebruik om hierdie Skrifgedeelte toe te lig, gaan oor die verskil tussen 'n dolfyntjie wat saam met sy pa en ma in die oop see swem en 'n dolfyntjie wat vir sy toertjie afrigter binne in die groot swembad in 'n akwarium rondswem.

Die lewe wat 'n dolfyntjie met sy pa en ma in die oop see leef, is totaal anders as die lewe saam met hierdie toertjieafrigter binne in hierdie akwarium.

Net so is die lewe wat ons met Christus deel totaal iets anders as die lewe wat al die geestelike mense om ons wil hê ons met hulle moet deel.

2. Wat is hierdie lewe met Christus wat in God verborge is?

Christus laat ons trots leef in die lewe wat Hy ons met deel en waarmee Hy ons fokus.

Die sleutelwoorde wat vir ons wys wat se tipe lewe dit is, is die woorde in ons teksvers: “want julle het gestewe...” Hierdie woorde staan ook in 2: 20 “Julle het saam met Christus gesterwe...”

Dit is nie die enigste woord waarmee ons lewe met Christus in hierdie verse beskryf word nie. Die ander woorde wat ook hierdie lewe beskryf klink só: “Ons is saam met Christus begrawe” in vers 12: “Dit het by die doop gebeur deurdat julle toe saam met hom begrawe is.”

Nog woorde wat hierdie lewe met Christus beskryf is: “Ons is saam met Hom opgewek...” in verse 12 en in hoofstuk 3 vers 1 “ons is saam met Christus uit die dood opgewek...”

Nog ander is die woorde “ons is saam met Hom lewend gemaak en 2: 13 en in 3: 4 ons sal saam met Christus met sy wederkoms verskyn en in sy heerlijkheid deel. Ons deel in sy heerlijkheid met sy wederkoms.

Kan u raaksien van watter lewe van die Here Jesus Christus word hier gepraat?

- Jesus Christus het gesterwe,
- is begrawe,
- is opgewek uit die dood om weer vandag 'n lewende mens te wees in die hemel en
- Jesus sal weer as mens van vleis en bloed verskyn met sy wederkoms.

Dit is hierdie lewe wat Christus as mens geleef het, vandag nog leef en met sy wederkoms vir altyd sal leef, wat ons met Hom saam leef. Dit is hierdie lewe van die Here as mens wat in God verborge is en waarby ons ingesluit is en met hom deel. Dit is hierdie lewe van die Here wat ons die evangelie noem en ons in geloofsbelydenis saam bely.

3. Hierdie lewe wat ons met Christus deel, beteken nie net dat ons met mekaar saam leef nie. Daarom kan ons hierdie lewe met mekaar glad nie beskryf as net nog 'n verhouding tussen twee mense wat met mekaar saam leef nie.

Die belangrike vers wat dit vir ons wys is 3 vers 4 waar Paulus aankondig Christus is ons lewe! “Christus is ons lewe” is tog heeltemal iets anders as ons leef die lewe wat ons het saam met die lewe wat Christus het.

Hierdie lewe van Christus, sy sterwe, begrafnis, opwekking, lewe en verskyning as mens in die wederkoms, is ons lewe! Dit is nie maar net sy lewe wat Hy leef en ons lewe wat ons leef en dan leef ons saam met mekaar nie.

Kom ons kyk weer na ons dolfyntjievorbeld!

Christus laat ons trots leef in die lewe wat Hy ons met deel en waarmee Hy ons fokus.

'n Dolfyntjie leef saam met sy toertjieafrigter. Hulle is elke dag bymekaar, werk saam, swem saam en speel saam, maar die dolfyntjie leef 'n dolfyntjielewe en die afrigter leef 'n menslike lewe.

Die toertjiemeester leef nie 'n dolfyntjielewe nie en die dolfyntjie leef nie 'n menslike lewe nie. Die toertjiemeester se lewe is nie die dolfyntjie se lewe nie. Syne is iets anders en hy leef dit as sy eie. Net so leef die dolfyntjie se eie lewe, nie sy toertjiemeester se lewe nie.

Dit is hoe anders hierdie vers 4 in Kolossense 3 is. Ons leef nie net saam met Christus nie. Christus se lewe is ons lewe!

4. Hoe is dit dat Christus ons lewe is?

Daarvoor moet ons kyk na die lewe van 'n dolfyntjie saam met saam met sy pa en ma in die groot oop see. Hulle leef nie maar net saam soos 'n klein dolfyntjie ook saam met 'n mens kan leef nie. Hulle lewe is die lewe van hulle dolfyntjiekind!

Hy is uit hulle gebore om een en dieselfde lewe wat hulle leef, met hulle te leef: 'n dolfyntjie lewe saam met dolfyne! Hy is uit hulle lewe gebore en elke deel van hulle lewe wat hulle dolfyne maak, is sy eie lewe ook.

Dit is wat die Woord van Gd openbaar wanneer daar verklaar word: Christus is ons lewe!

Hierdie lewe van Christus:

- Hy is as mens gebore,
- Hy het as mens gely onder Pontius Pilatus,
- Hy is as mens gekruis,
- Hy het as mens gesterwe,
- Hy is as mens uit die dood opgewek,
- Hy leef as mens van vleis en bloed in die hemel vandag
- en sal weer so met sy wederkoms verskyn en vir ewig so leef,

is ons lewe! Hierdie lewe is die lewe wat ons leef want Christus is ons lewe! Net soos 'n dolfyntjie 'n dolfyntjie is omdat hy die lewe van sy ouers is, so is ons kinders van die Here omdat die lewe wat Hy as mens geleef het en vandag leef, ons lewe!

5. Daarom word hierdie lewe genoem as 'n lewe wat in God **verborge** is!

Hierdie verborgenheid beteken dat dit 'n groot geheimenis en misterie is. Dit is ook hoe Paulus hierdie lewe in hoofstuk 1 vers 26 en 27 beskryf, ek lees vir u uit die

Christus laat ons trots leef in die lewe wat Hy ons met deel en waarmee Hy ons fokus.

nuwe Afrikaanse vertaling: “²⁶ Die misterie wat vir eeue en geslagte **verborge** was, is nou aan sy heiliges bekend gemaak. ²⁷ God het besluit om aan hulle bekend te maak hoe ryk die heerlijkheid van hierdie misterie vir alle nasies is: Christus is in julle, Hy is die hoop op die heerlijkheid.”

Die geheimenis en verborgenheid van groot dolfyne is dat uit en deur hulle 'n klein dolfyntjie geskep word en die lewe deel wat hulle ook leef.

Dit is die misterie en groot geheimenis van die lewe wat Christus as mens geleef het en vandag nog as mens leef: uit die lewe wat Hy leef en deur die lewe wat Hy leef, skep God kinders van God waarin Hy hierdie lewe van Christus as mens ons eie menslike lewe maak. Christus is self God en deur die krag van sy godheid laat Hy ons deel in alles wat Hy as mens is. Dit is die bedoeling van die vers “⁹ In Hom is die volle wese van God beliggaam, ¹⁰ en in verbondenheid met Hom deel julle in sy volheid. (hoofstuk 2). Hierdie vers is 'n uitbreiding op 1 vers 16 en andere “God het alles deur Hom geskep wat in die hemel en op die aarde is,... Alles is deur Hom en vir Hom geskep ... Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, ...”

Ons mag nooit dink dat die Here die hoof van die kerk is so asof Hy die Groot Baas van die Kerk of uitvoerende direkteur van die kerk is nie. Hy is Hoof omdat Hy die oorsprong daarvan is. Uit en deur Hom is die kerk as kerk vir Hom geskep.

Dit is soos groot dolfyne. Hulle is die hoof van die dolfyntjie omdat hy uit en deur hulle geskep is. Die Here is die Hoof van die Kerk omdat Hy sy lewe as mens ons lewe maak, Hy skep hierdie lewe in en vir ons!

Hierdie skeppende krag van die Here waardeur Hy ons uit sy lewe as mens nuut herskep, word in 3 vers 1 só gestel: “Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is...” Dit is deur die krag van die Here Jesus as God dat Hy hierdie geheimenis laat gebeur: deur die lewe wat Hy as mens geleef het en leef:

- Hy is as mens gebore,
- Hy het as mens gely onder Pontius Pilatus,
- Hy is as mens gekruis,
- Hy het as mens gesterwe,
- Hy is as mens uit die dood opgewek,
- Hy leef as mens van vleis en bloed in die hemel vandag
- en sal weer so met sy wederkoms verskyn en vir ewig so leef,

skep Hy hierdie lewe wat Hy leef ook in ons en laat ons in hierdie lewe deel. Net soos dolfyne se lewe, dolfyntjies se lewe is, so is hierdie lewe van die Here, ons lewe!

Christus laat ons trots leef in die lewe wat Hy ons met deel en waarmee Hy ons fokus.

Daarom is ons lewe in Christus 'n lewe waar ons:

- saam met Christus gely het,
- saam met Christus gekruisig is,
- saam met Christus gesterwe het,
- saam met Christus begrawe is,
- saam met Christus uit die dood opgewek is,
- saam met Christus verheerlik gaan word.

Christus is ons lewe en in verbondenheid met Hom deel ons in die volheid van die lewe wat Hy geleef het en steeds leef. Deur die krag van sy godheid deel ons in die volheid van die lewe wat Hy as mens is en leef.

6. Wat is die besondere van hierdie nuwe lewe wat die Here vir ons skep?

Dit klink só: “²² Maar nou het Hy ook julle met Homself versoen deurdat sy Seun as mens gesterwe het om julle heilig, sonder smet en onberispelik voor Hom te stel.”

Omdat Christus se lewe ons lewe is, is al ons sondes die Here se sondes. Ons onheiligheid, berispelikheid en smet, deel Christus met ons. Hy het ons sondige lewe in alles van sy geboorte tot sy ter helle neerdaling as sy eie geleef: Hy het geleef en gesterf in ons onheiligheid, ons berispelikheid en ons smet!

Nou deel ons die lewe van Jesus Christus as mens! Dit beteken aan die een kant dit wat Paulus só stel:

“Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker het Hy dit vir goed weggeneem.” 2 vers 13. Hy was ons onheiligheid, ons berispelikheid en smet aan die kruis en het daardeur dit vir goed weggevat.

Nou deel ons die lewe wat Jesus Christus as mens geleef het en vandag nou leef: Hy is in sy menslike liefde vir God heilig, Hy is in sy liefde vir God as mens onberispelik en Hy is as mens in sy liefde vir God sonder smet.

Christus se lewe is ons lewe!

- Ons is vir altyd van alle sondeskuld volkome vrygemaak om skuldloos die Here lief te hê en te dien.
- Ons is vir God heilig, ons mag sy liefde ontvang en ons liefde word vir Hom geheilig!
- Ons liefde, gebed, diens en toewyding aan God is vir god onberispelik, Hy maak en lat dit so wees vir Hom in ons lewe met Christus!
- Ons liefde, gebede, diens en toewyding aan God is smetloos. God maak dat ons hierdie lewe kan leef uit die nuwe natuur wat Hy vir ons gegee het: ons behoort aan die Here.

Christus laat ons trots leef in die lewe wat Hy ons met deel en waarmee Hy ons fokus.

Dit is ons dolfyntjie lewe wat ons met die Here deel: omdat sy lewe ons lewe is: ons is in alles wat ons vir God is en doen, vir God heilig, sonder smet en onberispelik!

7. Dit is hierdie lewe van die Here as mens in die hemel wat ons strewes en gedagtes hier op die aarde moet fokus! Dit is die dinge daarbo waar Christus aan die regterhand van die Vader is waarop ons ons gedagtes moet rig: ons is volkome van sondeskuld vrygemaak, ons is heilig, ons is onberispelik en sonder smet.

Dit is die dinge wat ons met Christus werklik daarbo deel. Wat ons werklik is in die lewe wat ons met die Here deel,

is sy werklike onskuld, sy werklike heiligheid as mens voor die wet van God, sy werklike onberispelikheid in sy liefde vir God as mens en sy werklike smetloosheid in sy liefde as mens vir God.

Dit is die lewe van Christus wat ons lewe is!

Dit is wie ons in ons gedagtes en strewes vir God op aarde kan en mag wees.

Ons moet gefokus wees op ons onskuld in ons liefde en diens aan die Here want dit is wie ons werklike is omdat dit is wie Christus werklik vandag is.

Ons moet gefokus wees dat ons liefde en diens vir God volkome is, heilig is volgens sy wil, omdat dit die lewe is wat ons werklik met Christus deel.

Ons moet in ons gedagtes en strewes gefokus wees dat God ons nie berispe vir ons liefde en diens nie, maar aanneem as onberispelik en dat God dit ook aanneem as sonder smet.

Dit is die supersoniese Woord van die Here wat ons net soos klein dolfyntjies rig en stuur. Daardie Woord van die Here wat net hulle kan hoor wat die lewe van Christus deel wat in God verborge is: ons hoor in sy Woord ons onskuld, ons heiligheid, ons onberispelikheid en ons smetloosheid. Ons hoor die lewe wat ons leef omdat dit die lewe is wat die Here ons by ingesluit het om met Hom te leef.

8. Paulus roep ook die gemeente op om nie hulle gedagtes en strewes te fokus op die dinge wat op die aarde is nie.

Wat is die dinge wat op die aarde is?

Al wat op die aarde is, is mense wat glo hulle het die geestelike mag en gesag om 'n goddelike lewe te leef op aarde en mense by hulle eie goddelike lewe in te sluit. Dit is teen hierdie geestelike magtige mense wat Paulus waarsku met die woorde: "So

Christus laat ons trots leef in die lewe wat Hy ons met deel en waarmee Hy ons fokus.

iemand verhef hom oor wat hy in eiewaan van homself dink, en hy hou nie aan die hoof, aan Christus vas nie.” (2: 18, 19) Die NAV vertaal dit “as gevolg van sy sondige aard dink hy baie van homself.”

Al wat op aarde is, is mense wat hulle sondige aard glo as hulle ware geestelikheid en die aard wat alle mense met hulle moet deel.

Kom ons kyk weer na ons dolfyntjievorbeld.

In hierdie voorbeeld is hierdie mense, hulle wat dolfyntjies se toertjiemeesters wil wees. Hulle wil jou vang, vervreem van hulle uit wie jy gebore is en jou maak wat jy is, in hulle swembad sit om hulle lewe saam met hulle te leef.

Hoekom?

Sodat jy kan leer om soos hulle te wees! Jy wat 'n dolfyntjie is, moet leer om soos 'n mens te wees!

- Jy moet swem en met jou vin soos 'n mens vir mense waai dat hulle kan oe en aah!
- Jy moet jou vin uithou sodat jou toertjiemeester jou hand kan skud soos 'n mens en dan oe en aah almal weer.
- Jy moet 'n kekkellaggie soos 'n mens gee saam met jou toertjiemeester
- Jy moet hom omhels en vashou asof jy hom liefhet soos 'n mens...
- Jy moet rondswem en al sy toertjies vir hom doen, sodat almal vir die toertjie meester kan oe en aah!

Wat is hierdie toertjiemeester en die lewe saam met hierdie toertjiemeester? Dit is net die skaduwee van wat moes gewees het. Dit is nie die werklike lewe van 'n dolfyntjie nie. Dit is 'n dolfyntjie wat die skaduwee van 'n mens moet wees en as die skaduwee, net die nabootsing van 'n menslike lewe moet leef!

9. Dit is hierdie geestelike lewe onder die mag en gesag van magtige mense wat Paulus noem 'n lewe waar Christus en die lewe saam met Christus net 'n skaduwee is van wie Hy regtig is en wat die lewe met Hom regtig is.

In hierdie lewe op aarde wil elkeen hul self met God identifiseer. Dit is die lewe waar mense volgens die waanbeeld van hulle self soos Jesus deel van die krag, die lewe die Naam en wil van God wil wees. Dit is die lewe wat 'n mens met 'n selfgemaakte godsdiens skep om saam met Christus, nes al die ander afgode wat daar is, jou deel maak van die lewe van God self!

Christus laat ons trots leef in die lewe wat Hy ons met deel en waarmee Hy ons fokus.

In hierdie eiewaan moet jy nie meer die menslike lewe wat die Here as mens vandag aan die regterhand van God daarbo leef nie, jy moet die goddelike lewe van mense op aarde leef asof dit die lewe van Christus is.

In hierdie self gemaakte geestelike lewe word die Here Jesus net 'n skaduwee. Hy is net 'n mens van baie jare gelede wat vir 'n paar jaar vir ons die goddelike lewe op aarde kom wys en moontlik gemaak het: Jesus het kom wys hoe ons soos God kan wees; so kragtig en oorvloedig soos God kan leef.

In hierdie lewe is Jesus net die skaduwee van wie Hy werklik is sodat ons soos God kan wees. Alles wat Jesus gedoen het, word net 'n manier om mense te bemagtig om deel van die lewe van God te wees.

In hierdie geestelike lewe op aarde rig mense hulle gedagtes en begeertes dat Jesus die volgende vir hulle moet gee en met hulle moet deel:

- my gevoel moet die Here se liefde wees,
- my idees moet die Here se planne wees,
- my wil moet die Here se stem binne in my wees,
- my erotiese drifte moet die Here se innigheid met my en ander wees,
- my eie magsfantasieë moet die Here se drome wees,
- my eie optredes moet die Here se krag wees,
- my eie visie vir my lewe moet die Here se roeping vir my wees,
- my eie doelwitte in die lewe moet die Here se sending en uitreik in die wêreld wees ,
- my eie magtigheid moet die Here se koninkryk wees,
- my eie gemoedelikheid en samesyn met mense moet die Here se intimiteite wees,
- my eie selfbewussyn moet die Here se teenwoordigheid by my wees,
- my eie selfkennis moet die die Here se openbaring aan my wees,
- my eie medemenslikheid moet die Here se kerk wees,

Dit is die dinge op aarde waarop mense wat deur hulle sondige natuur gefokus word, se gedagtes en strewes op gerig word. Dolfyntjies wat moet strewe om soos mense te wees en só nog net 'n skaduwee is van die mense wie die Here hulle voor bestem het.

10. Wat is die toets of ons die lewe leef wat die Here Jesus met ons deel en of ons die lewe leef van mense se sondige natuur om soos God te wil wees?

Die toets is of ek minderwaardig is in die lewe wat ek leef of trots is!

Christus laat ons trots leef in die lewe wat Hy ons met deel en waarmee Hy ons fokus.

'n Dolfyntjie wat saam met sy ouers 'n dolfyntjie lewe met hulle deel en vry die lewe van 'n dolfyn in die oop se leef, leef trots sy dolfyn-lewe! 'n Dolfyntjie wat moet leer om altyd soos 'n mens te wees, is 'n deemoedige en vernederde dolfyntjie!

Want maak nie saak hoe hard hy probeer nie, hy is altyd maar net 'n skaduwee van 'n mens. Hy kry dit net nooit reg om 'n mens te wees soos sy toertjieafrigter nie.

Watter gelowige kan vernederd so leef: ek is nie werklik in my liefde en diens vir die Here heilig, onberispelike en sonder smet nie? Ek deel nie regtig hierdie lewe met die Here as mens in die hemel nie! Net hulle volgens Paulus, wat nie vasstaan in die geloof en hulle wat hulle van die hoop wat in hulle leef, laat losruk het nie! (1:23)

Wie in die geloof vasstaan en seker is dat Christus se lewe is ons lewe,

- kan trots leef in sy heiligheid: my liefde as mens is vir God volkome! Want dit is die lewe wat ek saam met die Here leef. Hy deel sy menswees met my!
- kan trots leef in sy onberispelikeheid vir die Here: my menslike diensbaarheid en liefde is vir die Here foutloos want ek deel hierdie lewe met die Here as mens in die hemel.
- kan trots smetloos vir die Here leef: my lewe vir die Here is sonder skande van sonde want die Here het my van alles sonde skande en smet gereinig. Dit is die lewe wat ek met die Here as mens in die hemel leef.

Ons kan trots menswees vir die Here omdat ons ons gedagtes en strewes rig op wie die Here as mens in die hemel daarbo vir ons is!

11. Ons mag nie ons gedagtes en strewes laat vasvang in die lewe van die magte en kragte wat op die aarde is nie: hulle wat hulle sondige aard uitleef asof dit hul ware menswees is nie.

Ons sal mos altyd vernederd en minderwaardig leef wanneer ons ons gedagtes en strewes laat rig deur die geestelikheid van hierdie wêreld:

- my gevoel moet die Here se liefde wees,
- my idees moet die Here se planne wees,
- my wil moet die Here se stem binne in my wees,
- my erotiese drifte moet die Here se innigheid met my en ander wees,
- my eie magsfantasieë moet die Here se drome wees,
- my eie optredes moet die Here se krag wees,
- my eie visie vir my lewe moet die Here se roeping vir my wees,
- my eie doelwitte in die lewe moet die Here se sending en uitreik in die wêreld wees ,

Christus laat ons trots leef in die lewe wat Hy ons met deel en waarmee Hy ons fokus.

- my eiemagtigheid moet die Here se koninkryk wees,
- my eie gemoedelikheid en samesyn met mense moet die Here se intimiteit wees,
- my eie selfbewussyn moet die Here se teenwoordigheid by my wees,
- my eie selfkennis moet die die Here se openbaring aan my wees,
- my eie medemenslikheid moet die Here se kerk wees.

Kom ons leef die lewe wat ons met die Here deel waarin ons trots gelowig ons menslike lewe vir die Here kan leef. Kom ons wees dolfyntjies met die Here in die oop see van hierdie lewe!

Kom ons breek weg uit die swembad van ons toertjiemeesters op aarde: hulle wat ons wil leer om soos die Here God self te wil leef!

Hulle is met die skaduwee van wie Christus vir ons is besig. Ons leef met die werklike Christus die werklike lewe vir God, trots gelowig!